higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

VROEË KINDERONTWIKKELING
NKR VLAK 3

21 November 2024

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 9 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Sorg
1.2 swam
1.3 groeitekort
1.4 welstand
1.5 letsels
1.6 Kinderregte
1.7 kombuis
1.8 Waterpokkies
1.9 18 maande
1.10 mishandeling

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

2.1 Onwaar✓ − Kilojoules is 'n maateenheid van energie in kos ✓
2.2 Waar✓✓
2.3 Onwaar✓ − Kinders word vir kort tye deur 'n pleeggesin versorg totdat hul gesin weer vir hulle kan sorg, of totdat 'n meer permanente huis vir hulle gevind word.✓
2.4 Waar✓✓
2.5 Onwaar✓ − Hulle het dieselfde regte as normale kinders,✓
2.6 Waar✓✓
2.7 Waar✓✓
2.8 Waar✓✓
2.9 Onwaar✓ − B staan vir kontroleer asemhaling ('check breathing').✓
2.10 Onwaar✓ − Dit moet altyd in die ongeluksboek aangeteken word.✓

(10 × 2) **[20]**

VRAAG 3

3.1 E
3.2 H
3.3 A
3.4 F
3.5 D
3.6 J
3.7 B
3.8 L
3.9 K
3.10 C

(10 × 1) **[10]**

Copyright reserved

VRAAG 4

4.1 Verwaarlosing
4.2 Pandemie
4.3 Noodnommers
4.4 Kindersorgwet
4.5 Warm vloeistof
4.6 1.5 vkm
4.7 Gesin
4.8 Speel
4.9 Beesvleis
4.10 Resussitasie

(10 × 1) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 5

5.1 5.1.1 1 – ‘n Reg op skuiling
2 – ‘n Reg op basiese onderwys
3 – ‘n Reg op voedsel en skoon water
4 – ‘n Reg op basiese gesondheidsorg (4)

5.1.2
- Dit is die kind se reg om veilige skuiling teen die elemente te hê.
- Kinders het die reg om skool toe te gaan en opgevoed te word.
- Kinders het die reg op gesonde kos en ‘n gebalanseerde dieet.
- Kinders het die reg op gesondheidsorg wanneer hulle siek is of gesondheidsingrypings benodig, soos wanneer ‘n bril nodig is. (4)

5.1.3
- Die reg op insluiting, integrasie en hoofstroomgeriewe en -dienste.
- Die reg op ‘n normale omgewing.
- Die reg op alle ander voordele wat deur nie-gestremde kinders en sibbe geniet word.
- Die reg op familie, sosiale en gemeenskapslewe.
- Die reg op sport en ontspanning.
- Die reg op ‘n toeganklike omgewing.
- Die reg om onafhanklikheid en selfstandigheid te ontwikkel.
- Die reg op spesiale behoeftes en aandag.
- Die reg om anders te wees.
- Gehoorgestremde kinders het die reg op gebaretaal.
- Die reg op toestelle wat hulle help wanneer hulle dit benodig.
- Die reg op toepaslike aktiewe leer wat vir hul vermoëns geskik is, sonder dat hulle afgesonder word. (Enige 5 × 1) (5)

Kopiereg voorbehou

5.2 5.2.1 'n Skool in die algemene onderwysstelsel✓ waar kinders van alle vermoëns geakkommodeer word.✓ (2)

5.2.2 Inklusiewe onderwys beteken dat alle leerders, insluitende diegene wat ekstra ondersteuning benodig✓ as gevolg van leer- of fisiese gestremdheid,✓ maatskaplike benadeling, kultuurverskille of ander struikelblokke tot leer, in die onderwys-skoolstelsel ingesluit word.✓ (3)

5.2.3
- Die onderwyseres kan Sinoxola vra om in die klas te help.
- Laat Sinoxola naby die onderwyseres se lessenaar werk sodat sy Sinoxola kan help voordat hy 'n stoornis veroorsaak.
- Maak seker dat Sinoxola sy medikasie neem soos voorgeskryf.

(3× 2) (6)
[30]

5.3
- Die eiendom moet veilig omhein wees.
- Toegang in en uit die eiendom moet beheer word.
- Daar moenie enige gebreekte vensters of toerusting wees wat die kinders kan beseer nie.
- 'n Geskikte noodplan moet bestaan.
- Geen swembaddens nie, maar as daar een is, moet dit bedek en omhein wees sodat die kinders nie toegang daartoe kan verkry nie.
- Geen skadelike troeteldiere nie.
- Toerusting moet splinter- en roesvry wees.
- Elektriese punte moet bedek word, of buite die kinders se bereik wees.
- Alle gifstowwe moet buite bereik van die kinders wees.
- Alle meubels of swaar toerusting moet beveilig word sodat dit nie op die kinders val nie.
- Kinders moenie toegang tot die kombuisarea hê nie. Binnenshuise glas miet altyd veiligheidsglas wees. (Enige 6 × 1) (6)

[30]

VRAAG 6

6.1 6.1.1 'n Persoon wat direkte sorg verskaf✓ (soos vir kinders of bejaardes) sodat hulle gelukkig en gesond bly.✓ (2)

6.1.2 Is die persoon wat die hoofinkomste verdien,✓wat in die gesin se behoeftes voorsien, soos behuising, kos, klere en onderwys.✓ (2)

6.1.3
- Bestaan uit die ouers en kinders (kerngesin), wat saam met familielede woon, met inbegrip van die grootouers, niggies, nefies, ens.✓
- Hulle kan hetsy in dieselfde huis of op die eiendom of naby aan mekaar woon.✓
- Die kind geniet die voordeel dat daar meer mense is om op te steun, en die kinderversorging is makliker omdat daar meer mense is om daarmee te help.✓ (3)

6.1.4
- Bestaan uit ‘n paartjie (ma en pa – selfdegeslagouers)✓ en hulle kinders, geen ander familielede (uitgebreide gesin) bv. grootouers, niggies en nefies, ens. wat saam met die kerngesin woon.✓
- ‘n Kerngesin bied aan die kind ‘n gevoel van emosionele en finansiële sekuriteit.✓ (3)

6.1.5 Pleegouers is mense wat ‘n kind amptelik in hul gesin opneem vir ‘n bepaalde tydperk✓ sonder om die kind se wettige ouers te word.✓ (2)

6.2
- Mans is rolmodelle vir jonger seuns en dogters.
- Dit is baie belangrik in gesinne waar daar ‘n enkelouers is en geen vaderfiguur nie.
- Mans het ander vaardighede as vrouens.
- Mans sal aan meer fisies rowwe aktiwiteite deelneem as vrouens.
- Daar is n stigma verbonde aan mans wat met jong kinders werk.
- Baie mense voel steeds dat dit die ma se rol is om die kinders te versorg.
- Mans word selde as ‘n koesterende versorger beskou.
- Mans word dikwels gestereotipeer, en sommige ouers voel ongemaklik met ‘n manlike versorger. (Enige 4 × 1) (4)

6.3
- Kinders het albei hul ouers✓ weens die MIV-en-Vigs-pandemie verloor.✓
- Ouers het hul kinders verlaat,✓ gewoonlik weens armoede.✓
- Ouers moet ver van die huis af werk✓ weens grootskaalse werkloosheid.✓
- Die oudste kind moet die jonger kinders by die huis versorg, en die huishouding bestuur.
- Ander volwasse familielede wat na die kinders sou kon omsien, is moontlik siek of reeds oorlede. (Enige 3 × 2) (6)

6.4
- Wees bereid om na die kind te luister✓ veral oor enigiets wat hulle pla.✓
- Maak ‘n afspraak vir die leerder om berading te ontvang✓indien jou kollege ‘n gesondheid-en-welstandsentrum het.✓
- Help hulle✓ deur hulle vir ‘n voedingsprogram programme te registreer, indien nodig.✓
- Wees opgelei in MIV en VIGS✓ sodat jy as opvoeder diegene kan help waar nodig.✓
- Hou ‘n vergadering met die kind se ouers om ook aan hulle ondersteuning te bied.
- Reël ‘n vergadering tussen die ouers en die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling sodat hulle ook die ouers kan ondersteun.

(4 × 2) (8)
[30]

VRAAG 7

7.1 7.1.1

- Dit hou rekord van✓ die inentings wat die kind gaan ontvang.✓
- Dit hou rekord✓van enige vitamienaanvullings wat die kind neem.✓
- Dit toon die kind se groei✓ en wys enige afwykings van die norm uit.✓
- Of die kind wel in ooreenstemming met die mylpale✓ vir 'n groeiende kind ontwikkel.✓
- Enige gesondheidskwessies waarmee die kind sukkel, sal opgeteken word.

(Enige 4 × 2) (8)

7.1.2 (a) Die kind se werklike gewigsgrafiek
(b) Enige gewig in daardie omgewing is onder die norm vir die lengte

(2 × 1) (2)

7.1.3

- MIV/Vigs
- Komplikasies met swangerskap en kraam
- Neonatale siektes
- Kindersiektes
- Wanvoeding
- Ongelukke (Enige 4 × 1) (4)

7.1.4 Maak seker alle potensiële gevare✓ is verwyder.✓ (2)

7.2

- Verlamming
- Spierswakheid
- Uitputting
- Sukkel om asem te haal (Enige 2 × 1) (2)

7.3 7.3.1 Kop-en-stertwas ('Top and tail') beteken dat net die baba se gesig✓ en boudjies gewas word sonder om die baba in 'n bad te sit.✓

7.3.2 Dit is nie nodig om die baba elke dag ten volle te bad nie, dus word kop-en-stertwas gedoen.✓ Dit hou die baba skon sonder om hom of haar ten volle te bad.✓

(2 × 2) (4)

7.4 7.4.1 In soogdiere se ingewande (1)

7.4.2

- Kom voor wanneer kos ingeneem word wat met feses besmet is✓ en Ascaris-eiers bevat.✓
- Die larwes broei uit en grawe deur die derms,✓ bereik die longe en beweeg uiteindelik in die asemhalingskanaal op.✓
- Dit word aan mense oorgedra wanneer hulle kos eet wat met diere-feses besmet is, of as jy aan voorwerpe raak wat met diere-feses besmet is en dan jou vingers in jou mond sit.

(Enige 2 × 2) (4)

Kopiereg voorbehou

7.5
- Moderne vlieër
- Oosterse/Sjinese metode
- Vlieërmetode
- Diehoekmetode (Enige 3 × 1) (3)

[30]

VRAAG 8

8.1
- Betrek die kind by die voorbereiding van die maaltyd✓
  bv. Gee vir die kind 'n stomp mes om piesangs of kaas op te sny.
  Dek die tafel✓

- Hou 'n piekniek✓
  Sit 'n kombers buite neer sodat die kinders in die vars lug kan eet. Plaas vrugte- en groentestukkies op 'n sosatiepen.✓

- Dink aan prettige maniere om die kos aan te bied✓
  Sny toebroodjies in verskillende vorms, ens.✓

- Bedien happiegrootte porsies
  Kinders hou nie van te veel kos op hul bord nie; hulle verkies kleiner hoeveelhede en hulle verkies ook dat een soort kos nie aan 'n ander een raak nie.

- Dek de tafel saam.
  Sit vir minstens een maaltyd saam by die tafel en voer 'n ordentlike gesprek.

(Enige 3 × 2) (6)

8.2 Ja,✓ omdat kinders baie ongesonde kos skool toe sal bring.
Daar kan ook voedselallergieë wees✓ en dalk word neute of grondboontjiebotter nie by die skool toegelaat nie.✓ Dit moedig gesonde eetgewoontes aan.

(1 vir ja + 2 vir verduideliking) (3)

8.3
- Neute
- Biltong
- Piesangbrood
- Rosyntjies
- Vrugte
- Kaas
- Gekookte eiers (Enige 4 × 1) (4)

8.4
- Vrugte en groente
- Graankos en ontbytgraan
- Melk en suiwel
- Vleis, vis en eiers (proteïne)
- Vette en olies (5)

Kopiereg voorbehou

8.5
- Wat moet aangeplant word?✓ Dit moet groente wees wat die kinders sal eet.✓
- Hoeveel moet geplant word?✓ Probeer om ‘n verskeidenheid te hê.✓
- Het jy die geskikte toerusting om die plantwerk te doen?✓ Dit moet geskik wees vir die kinders om te gebruik.✓
- Wat sal die kinders se pligte wees as deel van die versorging van die plante? (Enige 3 × 2) (6)

8.6 8.6.1 Vark, vleis van karnivore, diere wat gevrek het weens siekte of besering, of nie-halaalvleis.

8.6.2 Vark, skulpvis en insekte

8.6.3 Enige vleis, vis, hoender, eiers, kaas, botter (diereprodukte) (3 × 1) (3)

8.7 Griep is meer intens as ‘n verkoue✓ en simptome sal langer duur.✓
Griep sal ook ‘n koors veroorsaak, maar ‘n verkoue gewoonlik nie.✓ (3)
[30]

VRAAG 9

9.1 9.1.1
- Diarree/baie los stoelgang
- Braking
- Groen stoelgang, wat op infeksie dui

9.1.2 Babas kan baie vinnig dehidreer wanneer hulle vloeistowwe verloor en ‘n elektrolietwanbalans ontwikkel.✓ Indien dit nie behandel word nie, kan dit tot neurologiese probleme, nierversaking✓ en selfs die dood lei.✓ (2 × 3) (6)

9.2
- Noodhulpkissie moet al die nodige toerusting bevat.
- Hê ‘n ontruimingsprosedure gereed wat ‘n duidelike roete aandui wat almal kan volg.
- Hou ‘n lys met belangrike telefoonnommers byderhand.
- Al die nodige toerusting moet beskikbaar wees, bv. brandblussers.
- Dit is belangrik om die noodplan deur middel van ‘n driloefening te toets.
- Personeel moet weet wat hulle pligte in die noodplan is.
- Kinders moet oor sekuriteit en veiligheid opgevoed word sodat hulle van moontlike gevare bewus is. (Enige 5 × 1) (5)

9.3
- Kaste✓ moet kindbestand gemaak word.✓
- Verwarmers✓ moet buite kinders se bereik wees.✓
- Chemikalieë✓ moet gebêre word buite bereik van kinders in kaste wat gesluit is.✓

- Geen items✓ moet van die toonbank afgetrek kan word nie.✓
- Die kombuis✓ moet afsonderlik van die speelarea wees.
- Toilette moet aan regulasies voldoen en onberispelik skoon gehou word.
- Trappe moet veiligheidsrelings hê sodat die kinders nie kan afval nie.

(Enige 5 × 2) (10)

9.4
- Speelgoed moenie skerp kante✓ hê wat die baba kan sny nie.✓
- Speelgoed moenie klein deeltjies hê✓ waaraan die baba kan verstik nie.✓
- Speelgoed moet met nie-giftige verf geverf word✓ sodat dit nie die kind vergiftig as hulle die speelgoed in hul mond sit nie.
- Speelgoed moenie lang toue of bande hê✓ wat die baba kan verwurg nie.✓
- Speelgoed moenie batterye hê wat die kind kan insluk nie.

(Enige 4 × 2) (8)

9.5 Geswelde kliere agter die ore tot by die kakebeen. (1)

[30]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou